Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

16 Mei 2025 Uitgawe: 4/2/2025

# UIT DIE KANTOOR

Ek is vandag werklik trots op ons Tjokkie-leerders wat hierdie week “NET HUL BESTE” gegee het. Nie net het beide ons kore uitstekend gevaar tydens Maandagaand se ATKV Applous kompetisie nie (Senior Koor - silwer en Junior Koor - goud), maar Tjokkies het ook pragtige vertonings op die sportvelde gelewer. Dit was egter ’n baie uitmergelende week vir ons Tjokkie-leerders wat tot vyf wedstryde in hierdie week moes speel. Intussen het die hokkie-aandliga vir ons senior spanne ook afgeskop.

Ons besef dat ons leerders moeg is as gevolg van hierdie druk program en ek vra dat ouers hul kinders sal laat rus die naweek. Ons is steeds besig met die toetsweek en bietjie rustigheid agter die boeke, sal hul goed doen. Volgende week is ook weer propvol wedstryde en toetse.

**Wesgrow-liga te Bethlehem:**

Graag bedank ek elke ouer wat sy/haar kind die geleentheid gegee het om die afgelope naweek in Bethlehem te kon deelneem. Vir heelwat leerders was dit die eerste keer dat hul op so ’n uitstappie gegaan het en veral in ’n koshuis kon slaap.

Dit is vir ons lekker strawwe kompetisie wat die beste uit ons leerders haal. Ek wil elke ouer bedank vir hul positiewe gedrag en ondersteuning langs die bane en velde. Dis lekker as ons ouers in groot getalle ons Tjokkie-leerders kom ondersteun. Tjokkies word in Bethlehem hoog aangeslaan om verskeie redes en dit is lekker om te hoor.


Ons ontvang vandag Trio Primêre Skool van Kroonstad. Dis ons laaste wedstryde in die kompetisie met slegs enkele wedstryde wat nog volgende week gespeel moet word. Baie dankie aan die ouerkomitee wat vandag help met verkope en wat sorg dat die magies gevul kan word.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 16 Mei: | Wesgrow-liga vs Trio Primêre Skool |
| | Skaakliga |
| | Landloopliga Rondte 2 (UVS) |
| 17 Mei: | Netbaldag te Pres. Steyn (D-,E-,F-spanne) |
| | Skaakliga |
| 19 Mei: | Netballiga @ OMS |
| | Finkom vergadering |
| 20 Mei: | Skaakliga |
| | o/13A/B Wesgrow-liga vs Trio Primêre Skool |
| | Tennisvergadering met ouers (17:30) |
| 22 Mei: | Rugby- en Netballiga vs Pres. Brand (tuis) |
| 23 Mei: | Mini-netbal @ FHP |
| | Kleuterskool Gholfdag |
| | Voortrekker Kommandokamp |
| | Willem Postma "Spelling Bee" |
| | Landloopliga Rondte 3 |
| 26 Mei: | Hokkie inligtingsvergadering (saal) |

# VERJAARSDAE

18 Mei: Mnr. Ryno Eckard (Gr. 7)



**MEKAAR**

MATTEUS 7:3-5 NLV

[3] “En hoe sien jy die splintertjie in jou medemens se oog raak, maar jy merk die yslike stomp in jou eie oog nie op nie? [4] Of hoe sal jy vir jou medemens sê: ‘Kom, laat ek daardie splintertjie uit jou oog haal,’ terwyl daar ’n yslike stomp in jou eie oog sit? [5] Jou skynheilige, haal eers die stomp uit jou eie oog uit. Dan sal jy ook duidelik kan sien om die splinter uit jou medemens se oog te haal.

Tydens ons Bybelstudie bespreek ons hierdie verse in Matteus 7. Dit raak my hart. Te veel kere gebeur dit dat ons vinnig let op ander se foute, oortredings of tekortkominge. Ons wys dit uit en bespreek dit met wie ook al wil luister...

Hoe gereeld maak ons egter tyd om ons eie harte te ondersoek, te toets of ons nog belyn is met wat in God se woord staan? Dit word so mooi gesê in Jeremia 4.

JEREMIA 4:3-4 NLV

[3] Dit is wat die Here vir die mense van Juda en Israel sê: “Ploeg die harde grond van julle harte. Moenie goeie saad tussen dorings saai nie. [4] Maak julle harte en gedagtes skoon voor die Here, inwoners van Juda en Jerusalem.

My gebed is dat die Here vir ons almal tyd sal gee om ons harte om te ploeg, sodat Sy woord mag wortels vestig en rein gedagtes by ons kweek. Dan sal ons die wêreld anders sien en meer genadig wees met mekaar. Ons sal mekaar kan help om te volhard in ons geloof en om nader aan God te groei.


**Gebed**: Here, help ons om ons harte te ondersoek sodat ons ander deur U oë sal sien en hanteer. Mag ons genadig wees met mekaar en mekaar uit liefde help om te groei. AMEN.

# SNUFFELS



Willemien en Meraaitjie
en Willie Wragtig
die troeteldrakie!
vrystaat
KUNSTEFEES
ARTS FESTIVAL
TSA-BOTJHABA
Teks: Karen Combrinck
Regie: Nic Beukes
M
Kunstetrust
Repteater
15 Jul 14:00
16 Jul 12:30
17 Jul 11:00
18 Jul 09:00



LIVE XTRA
XTRA SAVINGS
Checkers
WITH OVER R25 MILLION IN DAILY SAVINGS
SAVE R25
99.99 750g each
Crystal Valley Cheddar/Gouda/White Cheddar Cheese
SAVE 27%
ANY 2 FOR R35
2 x 170g Cape Point Light Meat Shredded Tuna in Vegetable Oil/ Water
SAVE R10
39.99 1kg each
Sunshine D Lite 40%/Original 60% Fat Spread
SPAAR 25%
44.99 2kg
Selati Goudbruinsuiker
99.99 per kg
Mini Beef Hindquarter Pack
SAVE 16%
ANY 2 FOR R30
2 x 2ℓ/2,25ℓ Fanta/ Sprite/Stoney/ Coca-Cola Zero Sugar Soft Drink
SAVE R30
89.99 6x1ℓ per pack
First Choice Long Life Full Cream/Low Fat/ Skimmed Milk
SPAAR R10
54.99 900g
Bokomo Weet-Bix Graankos
SAVE R30
119.99 200g/230g each
Nescafé Classic/ Crema Instant Coffee All Variants
REFILL YOUR JAR
SAVE R24
69.99 9 per pack
Baby Soft Fresh White 2-Ply Toilet Rolls
Checkers better and better
also at Checkers Hyper
Download the app



# Get Your Car Running Like New with Our Auto Services!





**We understand that your car is an essential part of your life. That's why we offer professional auto services to keep your vehicle running smoothly and safely.**

## Our Services Include

- ✓ Oil changes
- ✓ Brake inspections and repairs
- ✓ Tire rotations and replacements
- ✓ Engine diagnostics
- ✓ Battery checks and replacements
- ✓ Transmission repairs

**MAKE A BOOKING**

Tonie Correia - 082 5775 042
OR
George Oosthuizen - 0836722942

**RELAIBLE,AFFORDABLE AND QUICK AUTO SERVICES**


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042

MAGALIES®